**VAKATURE**

**HUISHOUDINGSBEAMPTE**

**BEHEERLIGGAAMPOS**

**OOMPIE MEYER MEISIESKOSHUIS**

**Hoërskool Outeniqua is ‘n trotse Afrikaanse skool en  bied 24 vakke aan wat ‘n baie belangrike deel van die etos en kultuur vorm. Die twee koshuise speel ‘n baie belangrike rol in die skool. Ons glo dat personeel ‘n positiewe verskil in die lewens van leerders maak. As jy in hierdie beginsels glo en volgens die onderstaande kwalifiseer om aansoek te doen, verwelkom ons graag jou aansoek.**

Oompie Meyer meisieskoshuis vorm ‘n belangrike deel van Hoërskool Outeniqua en beskik oor die volgende vakature: **HUISHOUDINGSBEAMPTE**.

Die suksesvolle kandidaat moet 'n hoë standaard van netheid en higiëne verseker om ons leerders 'n veilige en welkome tuiste weg van die huis te bied.

**SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE:**

1. **Spanwerk en leierskap**: Hou toesig oor en lei die huishoudelike en kombuisspan op om topproduktiwiteit te handhaaf.
2. **Skoonmaakstandaarde**: Maak seker dat alle leefareas, badkamers en gemeenskaplike ruimtes gesaniteer en goed onderhou word.
3. **Spyskaarte en samestelling van maaltye**:  Moet kennis hê van die basiese beginsels van voedselvoorbereiding, maaltydsamestelling en porsiebestuur.
4. **Voorraadbeheer**: Bestuur voorraadvlakke vir voedsel, skoonmaakmiddels, chemikalieë en toerusting, en moet die nodige administrasie op rekenaar kan vaslê.
5. **Koshuisveiligheid**: Monitor gesondheids- en veiligheidsnakoming en rapporteer enige instandhoudingsprobleme of -foute betyds aan die lynbestuurder
6. **Studente welstand**: Handhaaf professionele en respekvolle kommunikasie, met erkenning van die unieke behoeftes van leerders (meisies/dames).

**VEREISTES:**

1. **Ervaring**: Minimum 3 jaar in 'n huishoudelike toesighouerrol, verkieslik binne 'n skoolkoshuis of hotelomgewing.
2. **Werksure:**  Moet bereid wees om lang ure en onder baie druk te werk.
3. **Vaardighede**:
    1. Sterk organisatoriese en tydsbestuursvaardighede.
    2. Goeie kommunikasievaardighede.
    3. Moet as deel van ‘n span kan werk.

4. Kennis van voedselvoorbereiding en bediening op groot skaal en die bestuur daarvan, asook die skoonmaakafdeling van die koshuis.
5. Rekenaargeletterdheid vir verslagdoening, veral in MS WORD, MS EXCEL, MS OUTLOOK (E-posse).

**4.** **Eienskappe**: Hoë vlak van integriteit, fisiese geskiktheid vir aktiewe pligte, en 'n skoon kriminele rekord (VETTING).

**5.** **Vergoeding vir bogenoemde pos.**

- Markverwante pakket sal onderhandel word.

Aansoeke sluit op **VRYDAG 15 MEI 2026** om 12:00
Rig aansoeke aan:
Die Skoolhoof
Hoërskool Outeniqua
Courtenaystraat
GEORGE
6529
Epos vakature@outeniqua.co.za

**Indien u teen 29 Mei 2026 nie van die Hoërskool Outeniqua gehoor het nie, was u aansoek onsuksesvol.**